

3 Junie

1 Korintiërs 13:1-7, (Teks: 13:4-7)

Die pad van die liefde is 'n moeilike pad

Wie die uitnemende weg van die liefde wil loop moet nie 'n romantiese beeld hê van asof dit 'n maklike pad sou wees om te loop nie. Nêrens in hierdie wêreld waarin ons lewe kan liefde in 'n volmaakte atmosfeer plaasvind, sodat dit maklik kan wees om lief te hê in die sin dat ander mense dit vir jou maklik maak om hulle lief te hê nie. In ons daaglikse lewe het ons met mense te doen wat onvolmaak is, wat nie altyd jou in alles in ag neem nie en wat deur hulle onbedagsaamheid jou dikwels ook kan seermaak en teleurstel. Voordat die pad van liefde geloop word, moet beseft word dat dieselfde gesindheid nodig is wat in Jesus Christus is. Alleen wanneer ons in Hom bly, kan ons ten spyte van ander mense se swakheid, geduldig bly en goedheid (vriendelikheid) uitstraal onder alle omstandighede. Dit is 'n weg waarop altyd net die hoogste goed aan ander mense gedoen sal word, wat hulle ook al aan jou doen en wat hulle gesindheid ook al teenoor jou is. Die liefde het altyd nog iets om te gee, al kry dit niks terug nie.

Daar is baie kort paaie waarop daar afgedraai kan word, weg van die langpad van die liefde af. Dit is die kortpaaie van afguns, verwaandheid, liggeraaktheid, boekhou van die kwaad. Teenoor hierdie afdraaipaaie bly die gelowige in wie se hart die liefde van die Here brand, doelgerig op koers. Daar kan op die langpad volhard word omdat die liefde alles bedek, alles glo, alles hoop en alles verdra. In die liefde word volhard in die geloof dat God alles ten goede sal laat meewerk. Waar die lewende God liefdevol teenwoordig is deur Jesus Christus, is daar altyd hoop.

Ds. F.W. de Wet (Vryheid)